

Die Musiek van die Afrikaanse Gesangboek

deur Dr. G. G. CILLIÉ, Jnr.

Die melodieë van die Nederlandse Gesangboek was ons volk se belangrikste besitting op musikale gebied. Die liederwysies (o.a. uit die Kinderharp en die Hallelujaboek) wat in menige huisgesin en vereniging so geliefd geword het, kan in die verste verte nie vergelyk word met die statige melodieë van die ou Psalms en Gesange nie. In vergelyking daarmee is ook die nie-gewyde Afrikaanse volksmusiek en die musiek van ons eie Afrikaanse komponiste heeltemal onbelangrik. Aangesien ons dan in die Nederlandse Gesangboek ons vernaamste musikale erfenis gehad het, en aangesien 'n hele aantal van die ou melodieë in die Afrikaanse Gesangboek deur nuwes vervang is, is dit van belang om te weet wat ons met die verandering verloor en gewen het.

Sedert 1915 is opeenvolgende kerklike kommissies besig om melodieë te soek vir die sogenaamde onsingbare Psalms en Gesange in die Nederlandse Gesangboek. Die lede van hierdie kommissies, die verteenwoordiging daarin sowel as die opdragte daaraan, het mettertyd gewissel, maar uiteindelik het 'n Gesamentlike Musiekkommissie, bestaande uit verteenwoordigers van al die Afrikaanse Kerke, die musiek van die Afrikaanse Gesangboek versorg. Twee musikante, prof. P. K. de Villiers en mnr. A. C. van Velden, was deurgaans lede van die kommissies. 'n Derde, prof. F. W. Jannasch, wat in die begin meegewerk het, is in 1930 oorlede.

Hier volg 'n opsomming van die melodieë in die Nederlandse en in die Afrikaanse Gesangboek. In die Nederlandse Gesangboek was daar die volgende verskillende melodieë:

Psalms	125
Tussensange	10
Gesange (uitgeslote melodieë geleen van die Psalms)	68
Totaal	203

In die Afrikaanse Gesangboek is die verskillende melodieë as volg verdeel:

1. Psalms:	
Ou Psalmmelodieë	68
Melodieë oorgeneem uit ander bundels	8
Nuwe melodieë spesiaal gekomponeer	59
2. Gesange:	
Ou Gesangmelodieë (behalwe dié wat ook by Psalms voorkom)	50
Ou Psalmmelodie wat nie meer as Psalm verskyn nie	1
Melodieë oorgeneem uit ander bundels	12
Nuwe melodieë spesiaal gekomponeer	27
Totaal	225

Omtrent twee nuwe melodieë, dié van Ps. 137 en Ges. 129, word geen besonderhede gegee nie. Ek neem aan dat hulle spesiaal vir ons Gesangboek gekomponeer is.

In die laaste tabel verskyn nie die vier ou Gesangmelodieë wat nou ook by Psalms diens doen nie; ek het hulle by die Gesange gereken omdat ons hier net te doen het met die getal verskillende melodieë.

Die Afrikaanse Gesangboek bevat dus 22 meer melodieë as die Nederlandse, maar van die 203 oues het net 119 oorgebly; 56 Psalmmelodieë en 28 Gesangmelodieë het verdwyn. Hoewel hierdie 84 oor die algemeen musikaal hoër staan as die melodieë wat nou gekom het om hul plek in te neem, het die meeste van hulle om geskiedkundige redes vir die gewone gemeentelid heeltemal onsingbaar geword, en dit was dus nodig

om hulle te vervang of ten minste meer singbare melodieë naas hulle te stel.

Ek voel baie spyt oor die verlies van veral twee van die ou Gesangmelodieë, nl. dié van die „Onze Vader” en dié van die Nederlandse Gesang 187. Eersgenoemde was 'n liefling van die komponiste Bach en Mendelssohn en het vir die eerste keer verskyn by Luther se beryming van die Onse Vader in 1539. Dis nou vervang deur 'n meer singbare, maar veel minderwaardige melodie van Dykes (Ges. 76). Daar was miskien 'n plan om die ou melodie ook te behou, want op bladsy xv voor die Psalms in die Afrikaanse boek staan: „Onse Vader” (tweede wysie): „Melita”, deur J. B. Dykes, uit Church Praise, No. 528”. Dit is foutief, want die Onse Vader verskyn nou onder die Gesange en met net die wysie van Dykes. Die melodie van die ou Ges. 187, bekend as „O Welt, ich muss dich lassen,” is een van die allermooiste onder die korale. Bach het dit gebruik in sy beroemde Matthéus- en Johannes-passie. Hierdie melodie het verdwyn omdat die Nederlandse Ges. 187 nie oorgeneem is in ons Afrikaanse Gesangboek nie.


Uit bostaande tabel blyk dat die Musiekkommissie nuwe musiek vir ons Gesangboek op twee maniere in hande gekry het: uit bestaande bundels en deur die verkryging van oorspronklike skeppings van komponiste (hoofsaaklik Suid-Afrikaners). Ons behandel eers die geleende bydrae.

Uit die Church Praise kom die melodieë van Pss. 12 (2e keuse), 50, 53, 78, 88, 125 (2e keuse) en Ges. 72 (76); uit die Scottish Psalter dié van Ps. 28 (37), Gess. 31 en 61. Dan is daar drie melodieë uit die Vervolgbundel van die Hervormde Kerk van

Nederland (Gess. 60, 74 en 107), en by die melodie van Ges. 57 word net die verwysing „Barmen” aangegee. Verder word die komponiste S. S. Wesley, Crassellius, W. L. Viner, Ebenezer Praut, Rieman en Teschner verteen-

die melodie gehad het. Die melodie van Ps. 140 is dus nie oorgeneem uit 'n ander kerk se sangbundel nie en daarom het ek dit nie ingesluit by die bostaande lys nie.

Uit die lys blyk dat daar slegs twintig melodieë is wat uit vreemde bundels geleen is. Dit sal die leser ook tref dat die belangrikste bron waaruit ons moet put



Wyle prof. Jannasch, van wie daar 'n aantal mooi gesangwysies in die nuwe Afrikaanse Psalm- en Gesangboek oorgeneem is.

woordig deur een melodie elk. Ek neem aan dat hierdie melodieë ook uit bestaande bundels afkomstig is.

Op bladsy xv voor die Psalms verskyn daar 'n baie eienaardige aantekening, wat op sigself genome die eerste druk van ons Gesangboek 'n versamelaarsrariteit maak. Ter wille van die prestige van die Musiekkommissie moet dit weggelaat word by 'n herdruk. Onder die hoof „Wysies oorgeneem uit Sangbundels van ander Kerke” verskyn daar by Ps. 140: „Uit „Genevan Psalter”, No. 6 („Commandments)”. Die oningewyde mag hiervan aflei dat hierdie melodie die enigste in die Afrikaanse Gesangboek is wat oorgeneem is uit die Geneefse Psalmboek, en verder dat die Geneefse Psalmboek vreemd is aan ons Kerk. Die ware toedrag van sake is egter dat wat die musiek betref, die Nederlandse Psalmboek niks anders as die voltooide Geneefse Psalmboek („Genevan Psalter” van 1562) is nie. Al die 69 melodieë wat ek in die tabel „Ou Psalmmelodieë” genoem het, kom uit die Geneefse Psalmboek, en hulle was dus al byna 400 jaar lank by ons Gereformeerde voorouers bekend. Dis eienaardig dat Ps. 140 uitgekies is om vermeld te word. Die verwysing na „Commandments” is daar omdat in die Geneefse, en dus ook in die Nederlandse, psalmboeke Ps. 140 en die Tien Gebooue („Commandments”) hier-

by enige aanvulling van ons gesangwysies so te sê heeltemal verbygegaan is, ek bedoel die Duitse koraal van die afgelepe vier eeue.

Oor een van die geleende melodieë sal elke liefhebber van ons kerkmusiek diep geskok voel, nl. dié van Viner vir Ges. 12. Dit word al jare lank in baie gemeentes gebruik, maar dit verkry nou deur opname in die Afrikaanse Gesangboek offisiële status in ons Kerk. Weens sy oppervlakkige ritme en tekstuur is dit enige gesangboek, veral dié van 'n Gereformeerde Kerk, heeltemal onwaardig. Ek hoop dat daar baie sal wees wat sal weier om dit te gebruik en liever die melodie van Ps. 66 vir Ges. 12 sal laat diens doen.

Waar die Kommissie hoofsaaklik uit Angelsaksiese bronne geleen het, kan ons besonder dankbaar wees dat hulle besluit het om so min te leen. In ons land, waar die Metodistiese gewyde liedere en die Amerikaanse Opwekkingsliedere („Revival Hymns”) van die vorige eeu reeds soveel veld gewen het, moes die versoeking seker groot gewees het om 'n groot aantal van hulle in ons Gesangboek op te neem. Die vernaamste kenmerke van ons Gereformeerde kerkmusiek is statigheid, diepte van gevoel, innerlike krag, en by dit alles bescheidenheid; by 'n oppervlakkige ondersoek klink dit (Vervolg op bladsy 43.)



Lede van die Gesamentlike Sangwysieskommissie. Agter, van links na regs: prof. P. K. de Villiers, ds. A. G. du Toit, ds. L. J. Fourie, mnr. A. C. van Velden en ds. H. L. Webb. Voor: ds. P. H. van Huyssteen (scriba), ds. E. G. Malherbe (voorsitter), ds. J. G. M. Dreyer, ds. T. F. J. Dreyer, ds. D. J. Hugo en ds. R. J. B. Feenstra.

Die Musiek van die Afrikaanse Gesangboek

(Vervolg van bladsy 7.)

dikwels stroef en kleurloos. In teenstelling hiermee is die Angelsaksiese gewyde lied sentimenteel en sonder ruggraat, en in die geval van die Amerikaanse „Revival”-liedere dikwels banaal. Baie mense word dadelik deur hulle gepak, maar dis ook waar dat hulle geen groter skoonheid besit as wat 'n mens by die eerste aanhoor in hulle ontdek nie.

As die Kommissie kwistig uit hierdie bron geleen het, sou dit 'n bedreiging gewees het vir ons ou Gereformeerde kerklied-erfenis. Want waar musiek uit albei bronne naas mekaar in een bundel verskyn, loop die verheue ou melodieë gevaar om in die gebruik heeltemal verdring te word deur die meer populêre en oppervlakkige Angelsaksiese musiek. Ek verwys in hierdie verband na wat byvoorbeeld gebeur in Christelike Verenigings waar die Hallelujaboek — wat 75 Psalms en 100 Gesange naas die honderde liedere bevat — as sangbundel gebruik word.

Voordat ons die 86 nuwe melodieë wat, sover ek kon vaststel, nou vir die eerste keer in 'n gesangboek verskyn, in oënskou neem, noem ek eers vier eise wat ons aan elke melodie mag stel wat aanspraak maak op opname in 'n gesangboek van ons Kerk.

(1) Dit moet verheue musiek wees, want dit moet dien as draer van gewyde woorde.

(2) Dit mag nie ingewikkeld wees nie, maar moet eenvoudig en maklik singbaar wees, sodat selfs die eenvoudigste gemeentelid dit kan aanleer. Dit beteken egter nie dat dit hoegenaamd geen inspanning mag kos om dit te leer nie.

(3) Die strekking van die melodie moet aanpas by dié van die betrokke woorde. 'n Opgewekte melodie sal bv. heeltemal onvanpas wees vir 'n lydensgedig.

(4) Dit moet aanpas by ons Gereformeerde kerkmusiektradisie. Net so min as wat 'n gemeente van ons Kerk bv. daaraan sou dink om 'n nuwe kerkgebou volgens die Spaanse boustyl te laat optrek, net so min behoort ons in ons Gesangbundel 'n melodie toe te laat wat vreemd staan teenoor ons lewensbeskouing.

Oor die algemeen beantwoord die 86 nuwe oorspronklike melodieë taamlik goed aan die tweede en derde eise, d.w.s. hulle is singbaar en die komponiste het goeie pogings aangewend om melodieë en woorde by mekaar te laat pas. Wanneer ons egter by die eerste eis, nl. hoë musikale waarde, kom, dan is daar net drie melodieë wat volgens my mening daaraan voldoen. Ek bedoel die melodieë van Ps. 48 (J. S. de Villiers), Ps. 107 (Joh. de Heer) en Ps. 146 (F. G. Bäslér). Die nuwe melodie vir Ps. 128 (van Melchior Teschner en bekend as „Valet will ich dir geben”) word hierby nie ingesluit nie, omdat dit ook 'n geleende melodie is wat al meer as drie eeue lank in elke Duitse koraalboek verskyn.

Dat daar so 'n klein getal werklik hoogstaande nuwe melodieë is, sal geen kenner van die geskiedenis van ons kerklied verbaas nie, want dit gebeur net by toeval dat 'n komponis daarin slaag om 'n melodie te maak wat skitterend aan al vier die bostaande eise beantwoord. Byvoorbeeld, onder al die nuwe melodieë wat vir die eerste keer in die „Evangelische Gezangen” van 1805 (ons Nederlandse Gesange) verskyn het, was daar net een van besonder hoë gehalte, nl. dié van Ges. 7, met ses ander in die tweede klas, nl. Gess. 1, 13, 28, 54,

56 en 124. Onder die 34 nuwe melodieë in die Vervolgbundel van die Nederlandse Hervormde Kerk (1869) is daar nie een wat as buitengewoon hoogstaande beskryf kan word nie.

As ons die styl van die nuwe melodieë ondersoek, vind ons veral drie rigtings verteenwoordig. Daar is 'n hele aantal gevalle waar die komponiste die ou koraal-styl probeer navolg. Hierdie melodieë is dus heeltemal tuis in ons Gesangboek naas die ou melodieë; maar ek vind tog dat die meeste van hulle ongeïnspireerd klink. Voorbeelde van hierdie rigting is Pss. 9, 63, 148 (Joh. de Heer), Ps. 16 (A. C. van Velden), 26, 31 (J. S. de Villiers), 41, 92 (P. van den Burgh), 64 (W. de Vries), 76 (S. de Lange), 80 (Molenaar) en 131 (M. L. de Villiers).

Dan is daar 'n paar komponiste wat daarin geslaag het om vir ons melodieë te gee wat, volgens my mening, 'n eie Suid-Afrikaanse rigting openbaar. Hulle het nie die Duitse, die Franse, die Nederlandse, of die Angelsaksiese rigtings in die kerklied nagevolg nie. Die melodieë is nie so statig en verheue as die beste Duitse en Franse melodieë nie; hulle vermy egter ook die oppervlakkige soetsappigheid van die Angelsaksiese gewyde liedere. Hul karakter is lewenskragtig en fris. Dis asof die kerklied hier by ons wortel geskiet het en besig is om op sy eie te ontwikkel. Die beste voorbeelde hiervan in die Afrikaanse Gesangboek is: Pss. 23, 90, 91 en Ges. 7 (F. W. Jannasch), Ps. 33 en Ges. 131 (A. C. van Velden), Ges. 36 (R. C. de Villiers). P. K. de Villiers het ook so 'n iets daarvan in 'n paar van sy melodieë nl. Pss. 57, 142, Gess. 175 en 188.

'n Derde groep van ons nuwe melodieë staan baie sterk onder die invloed van die Engelse kerklied; trouens, party van hulle wek telkens by 'n mens die indruk dat jy hulle reeds in 'n Engelse kerk gehoor het. In 'n paar gevalle was dit vir my moontlik om selfs met my gebrekkige kennis van die Engelse kerklied hele reëls van die nuwe melodieë te herken as verwant aan reëls uit bekende Engelse liedere. Hiermee beweer ek nie dat die komponiste doelbewus die betrokke Engelse liedere nagevolg het nie, hulle het waarskynlik nie eens doelbewus die styl nageboots nie. Elke komponis komponeer maar volgens wat in hom is, en dis nie sy skuld as sy musiek een of ander styl openbaar nie. Baie van die melodieë in hierdie groep sou 'n waardige plek kon inneem in 'n Engelse gesangboek en daar heeltemal tuis wees. Maar aangesien ons Gesangboek vir 'n Afrikaanse, en daarby Gereformeerde Kerk bedoel is, is dit jammer dat so baie van die nuwe melodieë die Engelse kerklied-tradisie volg. Dis veral jammer dat die Suid-Afrikaanse komponis P. K. de Villiers tuis die Engelse invloed die sterkste toon, want hy het verreweg die grootste aantal nuwe melodieë vir ons Gesangboek gemaak (37, volgens my berekening). Besondere voorbeelde hiervan is sy melodieë vir Pss. 2, 4, 7, 12, 14, 69, 100, 102, 109, 112, 114, 120, 144, Gess. 71 en 83. Sy orige melodieë en dié van Ps. 11 (Rosenberg), Ps. 59 (Van Velden), Pss. 109 en 145 (De Vries) en Ges. 132 (R. C. de Villiers) toon ook die Engelse invloed, maar tot 'n mindere mate.

Ek het maar 'n algemene oorsig gegee van die musiek in ons Afrikaanse Gesangboek; die ruimte ontbreek egter om individuele melodieë in besonderhede te bespreek. Ek wil darem die geval van Ps. 51 behandel, omdat dit tesame met Pss. 68, 130 en 138 'n

baie vername rol gespeel het in die Gereformeerde Kerk. By Ps. 51 word twee melodieë aangegee. Die eerste keuse is 'n nuwe melodie van P. K. de Villiers en die tweede is die ou Bourgeois-melodie wat sedert 1551 by Ps. 51 staan. Al sou die ou melodie ook hoe onsingbaar en die nuwe ook hoe hoogstaande wees, getuig dit tog van gebrek aan eerbied om hulle in hierdie volgorde te plaas. Wat die saak vererger, is dat die ou melodie een van die aangrypendste boetliedere is wat nog ooit deur 'n mens gemaak is. Dit is 'n smeekgebed wat dwarsdeur spreek van sondeberou. In Suid-Afrika is dit ongelukkig as taamlik onsingbaar beskou. Daarnaas is die melodie van De Villiers besonder niksseggend en kleurloos; dis byvoorbeeld sonder klimaks, die ritme is stroef en eentonig — 'n taamlik algemene swakheid van hierdie komponis — en dit is heeltemal onvanpas vir 'n boetlied. Naas die ou melodie klink die nuwe baie lig, byna lig-sinnig. Gelukkig kan egter gesê word dat Ps. 51 'n hoë uitsondering in die Gesangboek vorm. 'n Mens is ook baie dankbaar dat die Kommissie tog die ou melodie naas die nuwe gegee het. Persoonlik sou ek verkies het dat dit in alle gevalle gebeur het.

As ons nou ons wins-en-verliesrekening opmaak, vind ons dat ons met die oorgang na die Afrikaanse Gesangboek hoofsaaklik musikale waarde verloor en singbaarheid bygekry het. Onder die nuwe melodieë is daar 'n hele klompie wat goed is en 'n paar wat besonder hoogstaande is. Dat daar 'n aantal is wat 'n eie Suid-Afrikaanse styl in die kerklied openbaar, vermeld ek ook graag aan die winskant.

En gaan ons nou beter sing? Ek dink so, want ons sing nou Afrikaans, en daar het 'n mooi nuwe melodieë bygekome. Buitendien, al die goeie ou vriende is nog daar. Ek vind dit net jammer dat die Musiekkommissie nie hierdie geleentheid waargeneem het om ons gemeentes aan te moedig om die ou Psalms weer ritmies te sing nie. Meeste van hulle was oorspronklik ritmies gekomponeer, en in hul ritme het baie van hul skoonheid en krag geskuil. Dat die meeste van die ou Psalms in die nuwe Gesangboek in ritmiese gewaad verskyn, is teen die besluit van die Musiekkommissie. Vir ons kerk-sang was hierdie besluit ongelukkig, en ook die feit dat die ritme van die ou Psalms in die Gesangboek nie in alle gevalle deur 'n kenner versorg is nie.